## INHOUDSOPGAWE:


1. DEFINISIES EN INTERPRETASIE VAN TERME
2. KENMERKE VAN DIE KLUB
3. REGSTATUS EN VRYWARING
4. BELEID EN OOGMERKE
5. BOLAND -AFFILIASIE
6. LIDMAATSKAP
7. BESTUUR
8. SAMESTELLING VAN KOMITEES: ALGEMENE VERGADERING, UITVOERENDE KOMITEE, ALGEMENE JAARLIKSE VERGADERING EN SPESIALE ALGEMENE VERGADERING
9. DAGBESTUUR VAN KLUB
10. MAGTE EN PLIGTE VAN DIE VOORSITTER/VOORSITSTER
11. MAGTE EN PLIGTE VAN ONDER-VOORSITTER/STER
12. MAGTE EN PLIGTE VAN SEKRETARIS/RESSE
13. MAGTE EN PLIGTE VAN TESOURIER
14. MAGTE EN PLIGTE VAN WEDSTRYD SEKRETARIS/RESSE
15. MAGTE EN PLIGTE VAN PRO/SKAKELBEAMPTE
16. MAGTE EN PLIGTE VAN TRUSTEE
17. MAGTE EN PLIGTE VAN KLUBKAPTEINE
18. MAGTE EN PLIGTE VAN SPANBESTUURDERS
19. MAGTE EN PLIGTE VAN UITVOERENDE KOMITEE
20. BYKOMENDE MAGTE VAN UITVOERENDE KOMITEE
21. SUBKOMITEES
22. DISSIPLINERE KOMITEES
23. MAGTE EN PLIGTE VAN KEURKOMITEE

24. VAKANTE POSISIES OP UITVOERENDE KOMITEE

25. NOMINASIES

26. DISSIPLINERE AANGELEENTHEDE

27. KENNISGEWING VAN VERGADERINGS:DIE ALGEMENE VERGADERINGS, UITVOERENDE KOMITEES EN DIE SUBKOMITEES

28. PROSEDURES VAN VERGADERINGS VAN UITVOERENDE KOMITEE, ALGEMENE VERGADERINGS EN SUBKOMITEE VERGADERING

29. VOORSITTENDE BEAMPTE BY VERGADERINGS

30. ALGEMENE JAARLIKSE VERGADERINGS VAN DIE KLUB

31. SPESIALE ALGEMENE VERGADERINGS

32. SAKE VAN SPESIALE ALGEMENE VERGADERINGS

33. ALGEMENE BEPALINGS T.O.V ALGEMENE VERGADERINGS

34. VERGADERINGS VAN DIE SUBKOMITEE

35. BYWONING BY VERGADERINGS VAN UITVOERENDE KOMITEE, SUBKOMITEE EN ALGEMENE VERGADERING

36. KWORUM

37. STEMMERY BY VERGADERINGS

38. MOSIE VAN WANTROUE

39. AFFILIASIES

40. JAARLIKSE AFFILIASIE

41. LIDMAATSKAP

42. BEEINDIGING VAN LIDMAATSKAP

43. DISKWALIFISERING VAN LEDE VAN DIE ALGEMENE VERGADERING EN UITVOERENDE KOMITEE

44. LIEF EN LEED

45. INTERPRETASIE

46. WYSIGING VAN GRONDWET

47. ONTBINDING

48. KWYTSKELDING

49. OORGANGSBEPALINGS

## 1. DEFINISIES EN INTERPRETASIE VAN TERME

In hierdie Grondwet, tensy dit met die teks teenstrydig is, is die betekenisse van die volgende terme:

1.1. ABSOLUTE MEERDERHEID sal 'n meerderheid beteken 75% van al die afgevaardigdes wat gemagtig is om in 'n spesifieke verkiesing te stem, of hulle werklik gestem het of nie;

1.2. AMATEUR RUGBY, AMATEUR WEDSTRYD, REEKS AMATEUR WEDSTRYDE of AMATEUR KOMPETISIES en WEDSTRYDE sal die spel rugby beteken soos onder die jurisdiksie, beheer, bestuur en administrasie van Wêreldrugby en hierdie Grondwet;

1.3. APPÉLKOMITEE sal die Komitee beteken soos gekonstitueer onder die bepalings van hierdie Grondwet;

1.4. KLEINMOND RUGBY KLUB bestaan uit die LEDE/SPELERS/BEAMPTES/TOESKOUERS in die algemene areas van die Overberg - Overstrand Munisiplaiteit plek benoeming Kleinmond.

Hierdie klub in verbonde, geregistreer aan die Boland Rugby Unie onder die vaandelvan Rugby Suid Afrika.

1.5. LEDE beteken enige selfgenoegsame en selfonderhoudende Rugbyklub wat kragtens die bepalings van hierdie Grondwet behoorlik by die BOLAND RUGBY UNIE (BRU) geregistreer is;

1.6. MAATSKAPPY beteken KLEINMOND RUGBY. met registrasienommer NPO 277-724, 'n KLUB wat geïnkorporeer is met die doel om Kleinmond Rugby se rugby en kommersiële aktiwiteite te bestuur en te bevorder; Die betrokke maatskappy word deur sy eie Memorandum van Inkorporasie(MOI) saamgestel en bestuur. Die Kleinmond Rugby Klub se Uitvoerende Komitee het die nodige volmag om die aandeelhouding van die lede binne die Direksie/Raad van Kleinmond Rugby verteenwoordig en te bestuur.

1.7. KOMPETISIES bestaan uit die Groot Uitdaging, die Streeksuitdaging, die Gemeenskapskild wat kragtens die kompetisiereëls soos in hierdie Grondwet gedefinieer is, gespeel word;

1.8. KOMPETISIEREËLS is die reëls waarvolgens kompetisies, soos gedefinieer, gespeel n uitgevoer word, soos op daardie tydstip van krag is;

1.9. GRONDWET beteken die Grondwet van Kleinmond Rugby;

1.10. GEKOÖPTEERDE LEDE is persone wat deur die Uitvoerende Komitee weens hulle kundigheid genomineer is, wat Kleinmond Rugby kan bevorder.

1.11. DAG/DAE beteken normale kalenderdae (insluitend naweke en openbare vakansiedae)

1.12. UITVOERENDE KOMITEE beteken die Uitvoerende Komitee van die KLEINMOND RUGBY KLUB soos kragtens IN Grondwet uiteengesit;

1.13. ALGEMENE VERGADERING is soos kragtens Klousule 8.1 van hierdie Grondwet uiteengesit beteken;

1.13.1. Algemene Jaarvergadering (AJV)

1.13.2. Spesiale Algemene Vergadering (SAV)

1.13.3. Algemene Kwartaal Vergadering (AKV)

1.14. IN GOEIE REPUTASIE/IN GOEIE STAND sal beteken dat 'n persoon/lid nie deur die klub skuldig bevind moes wees óf 'n strafvonnis ontvang het nie, óf as lid van die klub geskors is nie, óf in 'n Hof skuldig bevind is aan optrede teen die klub nie, en of enige ander optrede soos deur die klub of Uitvoerende Komitee bepaal nie; of enige finansiele verpligtinge teenoor die klub het nie. In die konteks van die interpretasie van die huidige Grondwet, sal goeie aansien / goeie reputasie aansien deur die volgende maatstaf bepaal word:

1.14.1. 'n Lid wat skuldig bevind is aan die oortreding van 'n klousule(s) van die KLEINMOND RUGBY KLUB - Dissiplinêre Kode en tot 'n tydperk van skorsing gevonnis is. 'n LID sal geag word om nie 'n goeie reputasie te hê nie, terwyl die tydperk van skorsing van krag bly.

1.14.2. 'n Lid wat uit die KLEINMOND RUGBY geskors is

1.14.3. 'n Lid wat deur 'n bevoegde Hof skuldig bevind is aan onregmatige optrede teenoor die KLEINMOND RUBY KLUB.

1.14.4. 'n Lid wat uitstaande fooie, heffings en boetes het wat aan die KLEINMOND RUGBY KLUB verskuldig en betaalbaar is.

1.14.5. Enige gedrag bepaal deur die Uitvoerende Komitee van KLEINMOND RUGBY onderhewig aan bevestiging deur die Dissiplinêre Komitee van KLEINMOND RUGBY

1.14.6. 'n Lid sal nie in goeie aansien / goeie reputasie met KLEINMOND RUGBY wees, indien een van die bogenoemde gronde oortree/aanwesig is nie.

1.15. ONAFHANKLIKE LID in die konteks van 'n komitee is enige lid wat:

1.15.1. nie 'n hoofaandeelhouer van die KLEINMOND RUGBY of enige van sy lede verteenwoordig nie;

1.15.2. nie in die afgelope drie finansiële jare deur die KLEINMOND RUGBY of enige van sy lede in diens geneem is nie;

1.15.3. nie 'n onmiddellike familielid is van 'n persoon wat in 'n uitvoerende kapasiteit deur KLEINMOND RUGBY KLUB of enige van sy lede in diens geneem is nie;

1.15.4.nie 'n professionele raadgewer vir KLEINMOND RUGBY of enige van sy lede is nie;

1.15.5. nie 'n belangrike verskaffer of kliënt van die KLEINMOND RUGBY of enige van sy lede is nie;

1.15.6. geen belangrike kontraktuele verhouding met die KLEINMOND RUGBY of enige van sy lede het nie;

1.15.7. vry van enige sake- of ander verhouding is wat wesenlik sou kon inmeng met sy/ haar vermoë om onafhanklik op te tree;

1.16. SPELER beteken enige persoon wat, ooreenkomstig die bepalings van hierdie Grondwet, daarop geregtig is om die spel Rugby te speel en wat kragtens die reëls van Wereld Rugby, SARU en BRU as 'n speler geregistreer is;

1.17. VOORSITTER beteken 'n persoon wat by die KLEINMOND RUGBY se Algemene Jaarlikse Vergadering deur die afgevaardigdes verkies is om die Voorsitter van die klub te wees en om die Uitvoerende Komitee en alle relevante vergaderings te lei;

1.18. VISE-VOORSITTER beteken 'n persoon wat by die KLEINMOND RUGBY se Algemene Jaarlikse Vergadering deur die afgevaardigdes verkies is om die Vise-Voorsitter te wees in die kapasiteit om vir die Voorsitter in sy/haar afwesigheid waar te neem en om die Uitvoerende Komitee en alle relevante vergaderings in die afwesigheid van die Voorsitter te lei.

1.19. RUGBY beteken die spel Rugby soos dit kragtens die Wette van die spel Rugby gespeel, bestuur, beheer en geadministreer word soos geraam deur Wêreldrugby en die Grondwet, Verordeninge en Regulasies van Wêreldrugby en SARU en hierdie Grondwet en ook die Regulasies, Reëls en besluite wat daarvolgens gemaak word, insluitend professionele rugby;

1.20. SARU beteken die Suid-Afrikaanse Rugby-unie, die sportliggaam wat die spel van Rugby in Suid-Afrika beheer en wat by Wêreldrugby geaffilieer is;

1.21. SELFGENOEGSAAM/SELFONDERHOUDEND beteken dat die klub die nodige toegang tot speelveldfasiliteite het en goeie klubrugbybestuur uitoefen soos deur die BRU se Bywet Effektiewe Klubrugby Bestuur bepaal.

1.22. EENVOUDIGE MEERDERHEID sal as 50% plus 1 van die stem van lede wat teenwoordig is en stem, beteken;

1.23. SUBKOMMITEES beteken die verskeie Subkomitees van die KRVK soos in hierdie Grondwet voorsiening gemaak, saamgestel en funksioneer volgens die betrokke

Addendum tot die Grondwet wat die terme van verwysing uiteensit;

1.24. ONBEVOEG beteken dat 'n lid onbevoeg is om as lid op te tree weens enige faktor, insluitend waaronder onder andere dood, sekwestrasie, onbevoegdheid, diskwalifisering ingevolge van hierdie Grondwet en/of enige ander eienskappe of omstandighede wat sodanige lid onbevoeg maak om as 'n lid van die Uitvoerende Komitee op te tree;

1.25. KLUB beteken die KLEINMOND RUGBY;

1.26. DRINGENDE SAKE is sake wat, as dit nie voor die volgende vergadering van die relevante gemagtigde struktuur van die Klub aangespreek word nie, onherstelbare skade of vooroordeel aan die Klub, sy struktuur, lede, amptenare, spelers of lede kan veroorsaak;

## 2. KENMERKE VAN DIE KLUB

2.1. NAAM EN AMPTELIKE LOGO

2.1.1. Die naam van die KLUB is en sal "KLEINMOND RUGBY VOETBAL KLUB" wees. Geriefshalwe sal "KLEINMOND RUGBY KLUB" in hierdie Grondwet na verwys word.

2.1.2. Die amptelike logo van die KLUB sal die Koning Protea blom wees.

2.1.3. Die bemarkingslogo, soos dit verskyn op die speeltruie van die KLEINMOND RUGBY, sal bestaan uit 'n Protea Blom.

2.2. KLUB - KWARTIERE

Die klubkwartiere van KLEINMOND RUGBY KLUB sal OP KLEINMOND SPORT GRONDE wees, op hoek van Vygiestraat en Proteaweg - waar vergaderings en wedstryde gehou sal word. Die Uitvoerende Komitee mag egter besluit om sekere vergaderings elders te hou of dit via enige toepaslike virtuele platvorm te skeduleer en te hou.

## 3. REGSTATUS EN VRYWARING

3.1. KLEINMOND RUGBY KLUB is en sal 'n regspersoon met gevestigde regspersoonlikheid wees en mag aangaande enige regsaksie of ander prosedure óf as Eiser/Applikant óf Verweerder/Respondent of in enige ander toepaslike kapasiteit optree.

3.2. Beamptes, ampsdraers en amptenare van die KLUB sal in die mate soos deur die Klub bepaal vergoed word vir enige onkoste en uitgawe wat aangegaan is terwyl hulle hul take, soos deur die Klub bepaal, uitvoer en die Klub sal genoemde vrywaar teen alle aanspreeklikheid wat voortspruit uit die uitvoer van hul verantwoordelikhede namens die klub, mits beamptes en amptenare persoonlik aan die klub en/of eksterne partye, na gelang van omstandighede, aanspreeklik sal wees vir growwe nalatigheid en ongemagtigde optrede.

## 4. **BELEID EN OOGMERKE**

### 4.1. BELEID

Klub word op 'n nie-rassige, nie-politieke, nie-seksistiese, inklusiewe, deursigtige en demokratiese basis bestuur. Dit onderskryf die sleutelpilare van die Grondwet van Suid- Afrika en die beginsels soos in die Wette van die Spel Rugby uiteengesit. Dieprimêre doelwit van die klub is om die spel rugby in Kleinmond te administreer en bevorder en om te verseker dat die aantal geregistreerde spelers groei.

AANVAAR:

DAT KLEINMOND RUGBY KLUB, vir die doeleindes van rugby, die area wat tans volgens hierdie Grondwet afgebaken is, sal insluit;

DAT rugby op 'n nie-rassige, nie-politieke, nie-seksistiese en demokratiese basis gespeel, geadministreer en bevorder behoort te word;

DAT alle persone, ongeag ras, kleur, geloofsoortuiging of geslag die reg het om in watter kapasiteit ook al aan die spel rugby deel te neem;

EN DAT hierdie beleidstelling deel van hierdie Grondwet is en sal vorm;

DAAROM DUS:

KLEINMOND RUGBY KLUB sal in al sy aktiwiteite en funksies die beginsels wat hier bo uiteengesit is, nakom, en sal al sy konstitionele-elemente, komitees, subkomitees en werknemers aanmoedig om sodanige beginsels na te kom.

KLEINMOND RUGBY KLUB sal in al sy aktiwiteite en funksies enige vorm van diskriminasie op grond van ras, kleur, geloofsoortuiging of geslag verbied. Die KLUB sal op alle vlakke beleid en programme navolg wat daarop gemik is om wanbalanse reg te stel en om 'n ware

nie-rassige, nie-politieke en demokratiese unie te skep; sodanige beleid en programme moet daarop gemik wees om 'n getransformeerde rugby-omgewing te skep waarin daar geen diskriminasie of vooroordeel gely word op grond van ras, geslag of geloofsoortuiging nie.

### 4.2. OOGMERKE

Die oogmerke van die KLUB sal wees:

4.2.1. om as 'n beherende en koördinerende liggaam op te tree vir al die LEDE, wat tot

lidmaatskap of assosiaat- lidmaatskap van die KLUB toegelaat is en om die speel van rugby in die jurisdiksie- area van die KLUB en in enige ander gebied soos die KLUB mag besluit onder alle persone, ongeag kleur, geloofsoortuiging of geslag op 'n nie politieke en demokratiese basis te ontwikkel, en te administreer, bevorder en aan te moedig;

4.2.2. om amateur rugby wedstryde en -kompetisies te hou, te reël en toesig daaroor te hou;

4.2.3. om te reël vir die voorsiening van trofeë, toekennings en of dit te skenk of daartoe by te dra;

4.2.4. om enige lede, wat selfgenoegsaam en selfonderhoudend is en wie se doelwitte altesaam of deels soortgelyk aan dié van die KLUB is, toe te laat om by die KLUB geaffilieer te word en om daardie affiliasie te kanselleer;

4.2.5. om reëls, regulasies en verordeninge te maak in verband met die speel en administrasie van rugby en sake wat die speel en administrasie van rugby en die gedrag van spelers en beamptes affekteer;

4.2.6. om die Klub se lede toe te wy aan 'n program van die ontwikkeling en opheffing van rugby, asook die eliminering van enige diskriminasie en ongelykheid onder spelers en beamptes;

4.2.7. om die besit en/of verspreiding van enige materiaal te verbied wat, na die enkele mening van die Klub, rassistiese, etniese, godsdienstige, taal- of politieke haat aanwakker of mag aanwakker, of geweld uitlok of mag uitlok, of enige ras-, etniese, godsdienstige, taal- of politieke groep beledig, verneder of belaster of dit mag doen, of mishandeling aanmoedig of mag aanmoedig;

4.2.8. aangaande die finansies van die Klub;

4.2.9. die voorgenoemde oogmerke en magte is alles onderworpe aan die uitdruklike stipulasies dat:

4.2.9.1. Geen fondse, winste of voordele versprei sal word na enige persoon of persone behalwe die geaffilieerde lede nie en dan slegs vir die doel om die spel rugby te bevorder en dat die fondse van die Klub slegs gebruik sal word vir belegging en om die oogmerke waarvoor dit gevestig is, te bereik.

4.2.9.2. Die Klub sal nie die mag hê om enige besigheidsonderneming of verhandelingsaktiwiteit uit te voer soos hier bo uiteengesit nie, behalwe sodanige besigheid of aktiwiteit wat normaalweg in verband met amateur rugby of professionele rugby uitgevoer word, insluitend:

4.2.9.3. Die inkomste en eiendom van die Klub, waarvandaan dit ook al mag spruit, sal alleenlik aangewend word vir die bevordering van die Klub se oogmerke, soos in hierdie Grondwet uiteengesit, en geen gedeelte daarvan sal aan enige individuele persoon direk of indirek, deur middel van dividende, bonus, wins of andersins betaal of oorgedra word nie, behalwe as betaling vir dienste gelewer of uitgawes aangegaan deur 'n beampte of werknemer van die Klub.

## 5. BOLAND RUGBY -AFFILIASIE

5.1. Die KLUB is en sal geaffilieer bly aan die BOLAND RUGBY UNIE en sal deur sodanige affiliasie uitdruklik of implisiet aanvaar dat dit -

5.2. gebonde is deur die Klub-grondwet en voorskrifte van BOLAND RUGBY UNIE, asook enige verordeninge wat vasgestel is en/of enige resolusie wat van tyd tot tyd by die Algemene vergadering of die Uitvoerende kommitee van KLEINMOND RUGBY aanvaar word.

5.3. Die KLUB sal die Wette van die Spel Rugby, die beslissings van SA RUGBY, die interpretasies van Wereld Rugby implimenteer en respekteer.

5.4. Rugby-klub van sodanige wette en beslissings en enige ander wette en beslissings van BOLAND RUGBY UNIE aanvaar en daardeur gebonde wees.

5.5. Die Klub sal maatreëls instel wat die ontwikkeling en administrasie van rugby in die area beheer.

5.6. Affiliasie fooi, soos deur BRU neergele,sal jaarliks betaal word.

## 6. LIDMAATSKAP

Die volgende sal die lede van die Klub wees:

6.1. Alle lede wat by die klub geaffilieer is, , sowel as alle geaffilieerde lede-verenigings is onderwerpe aan die klub se Grondwet, Bywette en relevante voorskrifte.

6.2. Alvorens n persoon tot lid van die Klub toegelaat kan word, moet hy/sy 'n intreefooi wat deur die klub bepaal word betaal en deur die meederheid van die lede teenwoordig by die vergadering goedgekeur word en moet gepaard gaan met n inskrywingsvorm en afskrif van identiteits dokument.

6.3. Nuwe lede wie se deelname tydeliks opgeskort is tydens 'n bepaalde seisoen en om lidmaatskap of hertoelating vir kompetisie deelname aansoek te doen moet bewys lewer dat hulle voldoen aan die vereistes van die Bywet -Effektiewe Klubrugby Bestuur. Die besluit om sodanige aansoek goed te keur is dié van die Algemene Vergadering van die klub, op aanbeveling van die Uitvoerende Komitee.

## 7. BESTUUR

7.1. Onderworpe aan hierdie Grondwet, sal Klub se besigheid en aktiwiteite deur die Algemene Vergadering gekontroleer word, wat die finale outoriteit ten opsigte van en verantwoordelikheid vir sy sake sal hê.

7.2. Die Klub se Algemene Jaar Vergadering (AJV) is die hoogste outoriteit en sal, onder andere, verantwoordelik wees vir die volgende–

7.2.1. die aanvaarding van beleid, reëls en regulasies;

7.2.2. die aanvaarding en wysiging van die Grondwet en By-Wette;

7.2.3. die goedkeuring van kompetisiestrukture;

7.2.4. die aanvaarding van die jaarlikse finansiële state;

7.2.5. die aanstelling van 'n ouditeur;

7.2.6. die verkiesing van die Voorsitter , Onder-Voorsitter, Sekretaris/resse , Hulp-Sekretaris/resse (Public Relations Officer), Tesourier , Hulp-Tesourier (Trustee), Wedstryd Sekretaris/resse en ses (6) addisionele lede waarvan vier (4) vroue lede moet wees; en

7.2.7. enige ander verwante outoriteit wat hierdie Grondwet aan die AJV magtig/toeskryf.

7.3. Onderworpe aan hierdie Grondwet sal al die Klub se sake deur die Uitvoerende Komitee beheer word, wat alle sodanige magte mag uitoefen en alle sodanige funksies mag uitvoer wat nie deur hierdie Grondwet vereis word om deur die Algemene Vergadering uitgeoefen of uitgevoer te word nie: Mits die Algemene Vergadering die outoriteit behou om sodanige magte uit te oefen en sodanige funksies uit te voer indien die Uitvoerende Komitee om watter rede ook al onwillig of onbevoeg is om dit te doen.

7.4. Sonder geringskatting van die algemeenheid van die voorafgaande, sal die Uitvoerende Komitee 'n beleidsraamwerk bepaal wat nie teenstrydig is met die Grondwet en By-wette van die Klub, en toesig hou oor Klub se bestuur en die magte uitoefen en die funksies uitvoer wat nodig is om die hoof- en aanvullende doelwitte te bereik en bevorder.

7.5.'n Besluit van die Uitvoerende Komitee wat binne tien (10) dae namens'n normale kworum lede(50%+1) skriftelik onderteken is, uitgesluit Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae, van die konsepbesluit wat na die lede gestuur is, sal so geldig en effektief wees asof dit aanvaar is by 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee wat na behore saamgeroep en gehou is.

**8.SAMESTELLING VAN KOMITEES: ALGEMENE KWARTAAL VERGADERING, UITVOERENDE KOMITEE, JAARLIKSE ALGEMENE VERGADERING EN SPESIALE ALGEMENE VERGADERING**

8.1. DIE BESTUURVERGADERING

Die Algemene Vergadering sal bestaan uit:-

8.1.1. Alle Lede van die Uitvoerende Komitee;

8.1.2. Verteenwoordigers van alle geaffilieerde klubs (ingesluit vroue rugby spanne, en o/20 rugby spanne) met geen beperkings met betrekking tot hul affiliasie status nie;

8.1.3. Ere-lewenslange lid/Lewenslange lede (sonder stemregte);

8.1.4. Enige persoon wat deur die Uitvoerende Komitee genooi is (sonder stemregte).

8.1.5. Die Algemene Kwartaal Vergadering sal ten minste ses (6) maal, per kalenderjaar geskied. Een van hierdie vergaderings moet voor die einde van OKTOBER van elke jaar plaasvind.

8.2. UITVOERENDE KOMITEE

Die Uitvoerende Komitee sal bestaan uit:-

8.2.1. Voorsitter;

8.2.2. Onder-Voorsitter;

8.2.3. Sekretaris/resse

8.2.4. Hulp Sekretaris / resse (PRO)

8.2.5. Tesourier

8.2.6. Hulp Tesourier (Trustee)

8.2.7. Ses (6) bykomende verkose lede.

8.2.8. Gekoöpteerde lede: 'n Maksimum van drie (3) persone wat deur die Uitvoerende Komitee gekies word, op grond van hul sake-, rugby en professionele kundigheid/vernuf en ervaring.

8.2.9. Hierdie uitvoerende bestuur moet VIER (4) vroue lede insluit , wat by 'n Algemene Jaar Vergadering vir 'n periode van VIER (4) jaar vir twee (2) termyne verkies sal word, waarna hulle vir herverkiesing sal kwalifiseer na die agt (8) jaar tydperk.

8.3. Die Voorsitter mag nie vir meer as twee (2) opeenvolgende ampstermyne dien nie en mag nie op die Oudit- en Risikokomitee dien nie.

8.4. Enige persoon wat tot die Uitvoerende Komitee van die Klub verkies of gekoöpteer word, moet binne een kalender maand bedank uit enige senior/ uitvoerende posisie wat hy/sy mag beklee by enige Klub wat met die BRU geaffilieer is.

8.5. 'n Mosie van wantroue teen enige lid van die Uitvoerende Komitee sal ingevolge van die Grondwet aangespreek word.

## 9. <u>DAGBESTUUR VAN KLUB</u>

9.1. Samestelling van die Dagbestuur

Die Dagbestuur sal bestaan uit die volgende lede van die Uitvoerende bestuur:

Voorsitter/esse

Onder-Voorsitter/esse

Sekretaris/resse

Tesourier

9.2. Die Dagbestuur sal optree in belang van die Klub wanneer belangrike besluite gemaak moet word en die tyd nie toelaat dat die Uitvoerende Bestuur bymekaar gekry kan word nie.

## 10. MAGTE EN PLIGTE VAN DIE VOORSITTER/VOORSITSTER

10.1. Die Voorsitter van die Klub geniet die volgende magte en pligte:

10.1.1. is daarop geregtig om enige kundige persoon in konsultasie met die Uitvoerende Komitee te koöpteer;

10.1.2. is verantwoordelik daarvoor om portefeuljes aan lede van die Uitvoerende Komitee op te dra;

10.1.3. is verantwoordelik vir die saamstel van 'n jaarlikse Voorsitter verslag van die Klub se aktiwiteite en sy/haar visie vir die toekoms;

10.1.4. vervul die rol van die spreekbuis vir die Klub; Die Voorsitter of sy behoorlik- gemagtigde benoemde het die alleen mandaat om persverklarings namens die Klub te maak; Geen klub, geaffilieerde lid of lid van die klub het die reg om persverklarings of persvrystellings namens die klub te maak nie; Ingeval 'n klub of lid van die klub 'n ongemagtigde persverklaring/-vrystelling maak, kan sodanige klub of lid , kennis ontvang om voor die Dissiplinere Komitee te verskyn, soos bepaal deur die Uitvoerende Komitee.

10.1.5. Indien die Voorsitter nie bogenoemde funksies kan uitvoer as gevolg van sy afwesigheid om die volgende redes, nl goedgekeurde verlof, skorsing, sterfte, mediese ongeskikheid sal bogenoemde funksies deur die Onder-voorsitter uitgevoer word.

10.2.Die Voorsitter sal kwalifiseer om vir 'n maksimum van twee (2) termyne van 4 jaar elk te dien. Nadat sy 8-jaar-termyn verstryk het, mag hy verkies word om as Ere-President te dien.

## 11. PLIGTE VAN ONDER-VOORSITTER/STER

11.1. Sal vergaderings lei in die afwesigheid van voorsitter/ster.

11.2. Sal die administrasie hoof wees van alle afdelings en verslae van bestuurslede kontrolleer.

11.3. Klub dissipline handhaaf op strengste basis.

## 12. PLIGTE VAN SEKRETARIS/ESSE

12.1. Alle pligte en take van uitvoerende bestuur tot uitvoering bring.

12.2. Hanteer alle inkomende en uitgaande korrespondensie.

12.3. Verantwoordelik vir kennisgewing aan die lede hetsy sosiale media, e-pos, pos.

12.4. Finale prosessering van amptelike stukke van Klub.

12.5. Rekordhouding en liasering van alle uitvoerende bestuurs verslae.

12.6. Verantwoordelik om met in samewerking van die voorsitter/ster alle kennisgewings van agendas vir vergaderings op te stel.

12.7. Verantwoordelik vir notulering van alle vergaderings.

12.8. Effektief kan kommunikeer.

12.9. Goed georganiseerd is en take kan delegeer.

12.10. Vertroulikheid oor relevante sake kan handhaaf.

12.11. 'n Goeie werkende kennis van die grondwet het.

**13. <u>PLIGTE VAN TESOURIER</u>**

13..1. Berei en monitor die jaarlikse begroting van die klub.

13.2. Deeglike register hou van alle uitgawes en inkomste.

13.3. Alle finansies deponeer binne 48 uur van ontvangs.

13.4. Alle funksies en wedstryd gelde moet behoorlik geboekstaaf word.

13.5. Voorlegging van finasiele verslae, vir algemene maandelikse vergaderings.

13.6. Alle uitbetalings moet bewysstrokies he.

13.7. Behoorlike geouditeerde finansiele verslae twee(2) weke voor AJV aan lede beskikbaarstel.

13.8. Teken met voorsitter/ster, sekretaris/esse by bank vir enige ontrekking uit bankrekening.

13.9. Moet in staat wees om goeie rekord te hou.

13.10. In staat wees om te werk in 'n logiese ordentlike wyse

13.11. Bewus wees van inligting benodig vir die jaarlikse ouditering van boeke

13.12. Produseer 'n jaarlikse finansiele verslag

## 14. PLIGTE VAN WEDSTRYDSEKRETARIS/ESSE

14.1. Behoorlik register hou van alle Klub spanne.

14.2. Behoorlik register hou van alle afgehandelde wedstryde.

14.3. Sal reel vir vriendskaplike wedstryde en die reels bepaal en toesien dat die nougeset uitgevoer word.

## 15. PLIGTE VAN PRO/SKAKELBEAMPTE

15.1. Verantwoordelik vir die bemarking en uitbouing van die Klub.

15.2. Organiseer funksies.

15.3. Werf van borgskappe en donasies vir die Klub.

15.4. Sosiale media kontak tussen toeskouers en Klub.

15.5. Verantwoordelik van persverklarings.

## 16. PLIGTE VAN TRUSTEE

16.1. Verantwoordelik vir hou van behoorlike register van alle bates en eiendom van Klub.

16.2. 'n Volledige inventaris van alle roerende bates van die Klub opstel en byhou

16.3. Alle eiendom van Klub in veilige bewaring hou.

16.4. Verantwoordelik om n getekende dokument vir uitreiking van eiendom op te stel.

16.5. Skriftelike verslag indien tydens maandelikse vergaderings.

16.6. Moet toesien dat alle eiendom van Klub in goeie orde terugbesorg word.

16.7. Rekord hou van alle toerusting aan ander ampsdraers, lede en afrigterspan uitgereik

**17. PLIGTE VAN KLUBKAPTEIN**

17.1. Die Klubkaptein is die gesig van die klub.

17.2. Is verantwoordelik vir die bestuur en welstand van die spelende lede.

17.3. Klubkaptein is die skakel tussen die administrasie van Klub en spelers.

**18. PLIGTE VAN SPANBESTUURDERS**

18.1. Organisering van alle span steunstrukture

18.2. Te verseker dat alle Klub gelde en enige ander gelde deur spelers verskuldig aan die Klub stiptelik betaal word

18.3. Te verseker dat spelers teenwoordig is en gereed is op wedstryd dae

18.4. Die versekering van die beskikbaarheid van die wedstryd-dag balle

18.5. Te verseker truie, oefen balle, water bottels en warm-up toerusting wat nodig is op die spel dae beskikbaar is

18.6. Die ondersteuning van die Wedstrydsekretaris/esse in sake met betrekking tot registrasie van spelers

18.7. Te verseker dat spelers self bewus is van hul verantwoordelikhede en regte met inbegrip van opkomende funksies

18.8. Die omsien na 'n beseerde speler en te verseker dat beseerde spelers die beste moontlike en mees geskikte behandeling ontvang en na behandeling,bv. Vervoer hulp, ambulans en oproepe maak

18.9. Die ondersteuning van die afrigter in die maak van kontak met alle beseerde spelers in die volgende week

18.10. Help die Klubkaptein met die koordinering van die spelers vir die vrywilliger pligte vir tuiswedstryde

18.11. Aktiewe deelname in die weeklikse bestuurs-vergaderings

18.12. Sportmangees bevorder binne in die span

## 19. MAGTE VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE

19.1. Enige eiendom, roerende of nie-roerend, waar ook al geleë te bekom en/of te ontvang hetsy by wyse van aankope, donasie, ruiling of by wyse van huur of lening.Fooi sal verhef word vir die verhuring van klub fasiliteite.

19.2. Om enige nie-roerende bates teen markwaarde aan te koop onderhewig aan die goedkeuring van die uitvoerende komitee.

19.3. Nie-roerende bates/eiendom te verkoop, te verpand en/of te beswaar, daaroor te beskik en daarmee op enige wyse te handel onderhewig aan die goedkeuring van die uitvoerende komitee.

19.4. Om die opbrengs van die verkope van enige eiendom te belê of te herbelê na die goeddenke van die Uitvoerende Komitee.

19.5. Om roerende bates/eiendom te verkoop hetsy by wyse van publieke veiling, tender en/of privaatooreenkoms en teen sodanige koopprys en op sodanige voorwaardesas wat die Uitvoerennde Komitee mag besluit.

19.6. Enige eiendom (roerende en nie-roerende bates) te verhuur, te herstel, te vernuwe en herkonstrueer.

19.7. Die Algemene Vergadering delegeer spesifieke magte en pligte na die Uitvoerende Komitee en verleen die volle outoriteit om op te tree aan die Uitvoerende Komitee. Die Uitvoerende Komitee moet, by die eerste beskikbare Algemene Vergadering, aan die Algemene Vergadering terugrapporteer aangaande die uitoefening van alle gedelegeerde magte en pligte.

19.8. Enige besluit wat deur die Uitvoerende Komitee geneem is terwyl hul gedelegeerde magte en pligte uitgevoer word, mag slegs deur die Algemene Vergadering herroep en ter syde geplaas word indien dit wettiglik en prakties moontlik is, met 'n tweederdemeerderheid van die volle stemsterkte van die Algemene Vergadering.

19.9. Die Uitvoerende Komitee moet verseker dat alle lede wat om lidmaatskap aansoek doen, bewys moet lewer en moet demonstreer dat hulle selfgenoegsaam en onderhoudend is asook voldoen aan die vereistes van 'Effektiewe Klubrugby Bestuur' soos deur die AJV goedgekeur is.

19.10. Die Algemene Vergadering, op aanbeveling van die Uitvoerende Komitee, het die diskresie om lidmaatskap op te hef, goed te keur of te verwyder van enige lid, by wyse van gewone meerderheids stem (50% plus 1).

19.11. Alle Volmagte, Kontrakte en ander dokumente wat namens die klub uitgevoer word, moet deur twee lede van die Uitvoerende Komitee wat deur die Uitvoerende Komitee na behore daartoe gemagtig is, onderteken word, solank een van daardie ondertekenaars die voorsitter of onder voorsitter van die klub is.

19.12. Die lede van die Uitvoerende Komitee sal ooreenkomstig in mandaat en resolusie van die

Uitvoerende Komitee moet optree en enige besluite of optredes wat sonder uitdruklike resolusie en mandaat van die Uitvoerende Komitee geïmplementeer word, sal dus ongeldig wees.

19.13. Die Uitvoerende Komitee word verbied om die klub bloot te stel deur optredes wat finansiële, regs- en morele inbreke kan veroorsaak.

19.14. Die besluite van die Uitvoerende Komitee is nie sonder perk nie. Hul besluite moet voldoen aan die drumpel van verantwoordelikheid en wette van die land.

19.15. Die Uitvoerende Komitee sal ten minste ses (6) maal per kalenderjaar vergader. Sodanige vergadering sal deur die Voorsitter geroep word en in sy afwesigheid moet dit deur die Onder-Voorsitter geroep word. Vir 'n kworum moet ten minste 50% plus 1 van die lede van die Uitvoerende Komitee teenwoordig wees. Daar moet ten minste sewe (7) dae geskrewe kennis gegee word, aangevul deur 'n agenda vir die vergadering. Wanneer dringende sake deur die uitvoerende komitee hanteer moet word, moet ten minste 48uur geskrewe kennis gegee word. Die HUB of enige gedelegeerde amptenaar sal as sekretaris van die uitvoerende komitee aangestel word.

19.16. Klub se sake sal deur die Uitvoerende Komitee bestuur word, onderworpe aan hierdie Grondwet, en volgens sodanige regulasies, nie teenstrydig met hierdie Grondwet nie, soos deur die Algemene Vergadering voorgeskryf en gedelegeer mag word, maar geen regulasie en/of By-Wet wat deur die Algemene Vergadering voorgeskryf word, moet enige vorige optrede van die Uitvoerende Komitee, wat geldig sou wees indien sodanige regulasie nie voorgeskryf is nie, ongeldig maak nie.

19.17. Die Uitvoerende Komitee mag alle Klub rugby-magte uitoefen om sy fondse te belê, geld te leen, borg te teken en sy onderneming en eiendom(roerende bates) of enige deel daarvan verpand of bind of hef, en om skuldbriewe, skuldbriefaandele en ander sekuriteite uit te reik, of dit onvoorwaardelik of as sekuriteit vir enige skuld, las of verpligting van die klub of van enige derde party is: Mits die bedrag wat voorlopig onbetaal bly ten opsigte van gelde wat deur die Uitvoerende Komitee geleen of gesekureer is soos voorgenoemd, behalwe tydelike lenings wat van die klub se bankiers in die gewone loop van sake verkry is, nooit te eniger tyd, sonder die voorafgoedkeuring van 'n Algemene Vergadering, 'n bedrag wat deur die Algemene Vergadering bepaal is, sal oorskry nie.

19.18. Die Uitvoerende Komitee sal die ge-ouditeerde jaarlikse finansiële state nagaan en goedkeur vir aanvaarding deur die Jaarlikse Algemene Vergadering, asook om die jaarlikse begroting na te gaan en goed te keur.

19.19. Die Uitvoerende Komitee mag bankrekenings open en bestuur.

19.20. Die Uitvoerende Komitee mag die betaling of terugbetaling verseker van enige somme geld wat geleen of ingesamel is, of die betaling van enige skuld, las of verpligting hoegenaamd van die Klub of van 'n derde party, op sodanige wyse en op sodanige voorwaardes en bepalings as wat dit goed dink.

19.21. Die Uitvoerende Komitee mag van tyd tot tyd sodanige magte of pligte wat daarin gesetel is, aan die HUB toevertrou of verleen, na goeddunke. Sodanige magte of pligte moet vir sodanige tydsduur, vir

sodanige oogmerke en doeleindes, op sodanige voorwaardes en bepalings en met sodanige beperkings uitgeoefen word soos behoorlik geag deur die Uitvoerende Komitee.

19.22. Die Uitvoerende Komitee mag sodanige magte of pligte óf kollateraal óf met uitsluiting van óf in plaas van alle of enige van die magte van die Uitvoerende Komitee verleen en mag alle of enige van sodanige magte van tyd tot tyd herroep of varieer. Enige magte of pligte wat aan die HUB toevertrou of verleen word op die manier wat hier bo beskryf word, sal outomaties na die amptenaar wat in sy/haar plek waarneem gedelegeer word.

19.23. Die Hoof van uitvoerende bestuur (indien aangestel ingevolge Klousule 9.2.4 van hierdie Grondwet) sal nie beskou word as 'n agent of delegaat van die Uitvoerende Komitee nie en nadat magte kragtens hiervan deur die Uitvoerende Komitee aan hom verleen is, sal dit beskou word dat hy sodanige magte direk van hierdie Grondwet gekry het.

19.24. Die Hoof van Uitvoerende Bestuur sal saam met sy personeel verantwoordelik wees, maar altyd onderworpe aan die riglyne van die Uitvoerende Komitee, vir die daaglikse bestuur en operasionele uitvoering van Klub se aktiwiteite.

19.25. Die Uitvoerende Komitee sal die mag hê om sodanige magte en funksies soos daarin gesetel is uit hoofde van hierdie Grondwet aan enige een (1) of meer van sy lede of aan enige ander persoon of persone, of hulle in die Provinsie is of nie, na goeddunke te delegeer of toe te wys.

19.26. Die Uitvoerende Komitee sal rekord hou van:-

19.26.1. Alle aanstellings van alle personeel en vrywilligers;

19.26.2. Die name van die Lede van die Uitvoerende Komitee wat by enige vergadering van hierdie komitee teenwoordig is en

19.26.3. Elke vergadering van enige Subkomitee; en

19.26.4. Alle resolusies en transaksies geneem/besluite by alle vergaderings van die Klub en vergaderings van die Uitvoerende Komitee.

19.27. Die Uitvoerende Komitee mag enige van sy magte en funksies skriftelik delegeer aan:

19.27.1. Staande komitees wat mag bestaan uit lede van die Uitvoerende Komitee en voorsitters van klubs; en aan

19.27.2. ad hoc-komitees soos van tyd tot tyd na goeddunke vir 'n spesifieke doel of vir 'n spesifieke of onbepaalde tydperk gevestig mag word en wat slegs kan bestaan uit lede van die Uitvoerende Komitee, of uit lede van die Uitvoerende Komitee en ander lede van die Algemene Vergadering, of slegs uit ander persone, en enige komitees wat op hierdie manier gevorm word, moet in die uitoefening van die magte

so gedelegeer, alle reëls of regulasies nakom wat deur die Uitvoerende Komitee van hulle verwag word en volgens die opdrag en enige instruksies en beperkings wat deur die Uitvoerende Komitee aan hulle gegee of opgelê is.

**20. BYKOMENDE MAGTE VAN UITVOERENDE KOMITEE**

Sonder geringskatting van die algemeenheid van die magte en funksies wat deur hierdie Grondwet aan die Uitvoerende Komitee verleen word, het die Uitvoerende Komitee –

20.1. die mag om BRU se reëls en regulasies te implementeer en om enige besluite te neem wat nodig of wenslik is om BRU se oogmerke te bereik, waaronder onder andere reëls en regulasies teen die gebruik van verbode middels en reëls en regulasies wat voorsiening maak vir die prosedures wat gevolg moet word om die nodige magte in verband met dissiplinêre optrede uit te voer;

20.2. die mag om sodanige stappe na goeddunke te doen teen enige rugbyliggaam of persoon wat versuim om te voldoen aan die volgende of dit oortree:

20.2.1. hierdie Grondwet, enige van BRU se reëls of regulasies;

20.2.2. die Grondwet of enige van die verordeninge, reëls en regulasies van die Wêreldrugby, SARU, BRU of enige liggaam van persone of organisasie waarmee Kleinmond Rugby Klub geaffilieer of geassosieer is ingevolge 'n gesamentlike ondernemings ooreenkoms of ander ooreenkoms, maar nie beperk nie tot, SARU;

20.2.3. enige besluite wat geneem is, resolusies wat aanvaar is of beslissings wat gemaak is deur die Algemene Vergadering,BRU, SARU, die Wêreldrugby of enige liggaam van persone of organisasie waarmee Kleinmond Rugby Klub geaffilieer of geassosieer is ingevolge 'n gesamentlike ondernemings ooreenkoms of ander ooreenkoms, maar nie beperk nie tot, SARU;

20.2.4. enige kontrak deur of namens Kleinmond Rugby Klub aangegaan; en

20.2.5. die reëls van die spel;

20.3. sal verantwoordelik wees vir:

20.3.1. toesig oor projekbestuur en die implementering van strategie;

20.3.2. voldoening aan die vereistes van goeie korporatiewe bestuur;

20.3.3. voorsiening van strategiese leierskap; en

20.3.4. toesig oor Kleinmond Rugby Klub se finansiële sake.

## 21. SUBKOMITEES

21.1. Die funksies van die verskeie Subkomitees is om aanbevelings te ondersoek en dit deur hul lede se resolusie by die Uitvoerende Komitee in te dien aangaande sake soos in hul opdragte gedefinieer. Die terme van verwysing van alle sub-komitees sal as 'n addendum tot die grondwet bygevoeg word.

21.2. Die magte en pligte van Subkomitees bly dié van die Uitvoerende Komitee. Daarom word Subkomitees beskou as geïnkorporeerde entiteite en nie onafhanklike bestuurstrukture nie. Subkomitees het dus slegs die mag van aanbeveling en sal nie besluite neem nie.

21.3. Alle aanbevelings van die Subkomitees sal deur die Uitvoerende Komitee bekragtig, goedgekeur of verwerp word, behalwe die aanbevelings vir die Oudit- en Risikokomitee wat onderworpe is aan bekragtiging deur die Algemene Vergadering.

21.4. Behalwe waar lede van die Subkomitees verkies moet word, sal die lede van alle ander komitees deur die Uitvoerende Lid in beheer van die spesifieke portefeulje aanbeveel word. Die aanstellings sal deur die Uitvoerende Komitee gemaak en bevestig word.

21.5. Buiten die Oudit- en Risikokomitee en die Regs Komitee, is die Voorsitter 'n ex- officio- lid van elke Subkomitee, maar sal geen stemreg het nie. Die Voorsitter mag nie as n voorsitter van 'n Subkomitee dien nie. Die Subkomitee kies self sy Voorsitter vir komiteevergaderings.

21.6. Bywoning van vergaderings van Moederklub 'n vereiste en verpligtend.

21.7. SAMESTELLING VAN SUBKOMITEE

21.7.1. Die vestiging en magtiging van die volgende subkomitees is die alleen-prerogatief van die Uitvoerende Komitee:

21.7.1.1. Risiko- en Ouditkomitee:

21.7.1.2. Tegniese/Eiendoms Komitee;

21.7.1.3. Finansiële Komitee;

21.7.1.4. Kompetisie en klubrugby komitee;

21.7.1.5. RegsKomitee;

21.7.1.6. Dissiplinere en Appel Komitee

21.7.1.7. Skeidsregters Bestuurs komitee;

21.7.1.8. Ontwikkelingskomitee;

21.7.1.9. Skool- en Jeugrugby;

21.7.1.10.Vrouerugby;

21.7.1.11.Personeel/Menslikehulpbron komitee;

21.7.1.12.Kommunikasie en Bemarkings komitee; en

21.7.1.13.Transformasiekomitee

21.7.1.14.Afrigtersforum

21.7.1.15.Mediese komitee

21.8. Die Uitvoerende Komitee behou die reg voor om komitees aan te stel en/of op te skort.

## 22. DISSIPLINERE KOMITEE

22.1 Die dissiplinere komitee sal bestaan uit die Voorsitter, 1(een) additionele lid,Klub kaptein,1(een) speler en 'n neutrale kandidaat uit die gemeenskap, gekoopteer deur die bestuur.

22.2 Die dissiplinere komitee sal sorg en toesien dat die gedragskode van die Klub noukeurig gevolg word.

## 23. PLIGTE VAN KEURKOMITEE

23.1 Wedstrydsekretaris/esse aan hoof van komitee.

23.2 Bestaan uit die volgende:

23.2.1 Hoofafrigter en afrigters.

23.2.2 Hoof spanbestuurder en spanbestuurders.

23.2.3 Klubkaptein

23.3 Uitvoerende bestuur mag keurkomitee vergaderings bywoon en het geen stemreg om spanne te

kies.

23.4 Keurkomitee vergader op Woensdae om spanne te kies en bekend te maak.

23.5 Dissiplinere verslag sal ook by hierdie vergadering bespreek word.

## 24. VAKANTE POSISIES IN UITVOERENDE KOMITEE

24.1. Die posisie van 'n lid van die Uitvoerende Komitee sal vakant raak indien:

24.1.1. die lid die Uitvoerende Komitee skriftelik in kennis stel van sy bedanking;

24.1.2. die lid fisies of psigies medies onbevoeg raak om 'n lid van die Uitvoerende Komitee ingevolge hierdie Grondwet te wees;

24.1.3. die mandaat van 'n lid wat 'n geaffilieerde lid verteenwoordig, onttrek is;

24.1.4. die lid onbevoeg is om 'n openbare amp te beklee ingevolge die Maatskappye Wet en voorskrifte, en/of om 'n ander amp van vertroue te beklee kragtens enige regsvoorskrif van die Suid-Afrikaanse Wet;

24.1.5. die lid versuim het om drie agtereenvolgende vergaderings van die Uitvoerende Komitee by te woon sonder om aanvaarbare skriftelike redes aan die res van die Uitvoerende Komitee te verskaf vir sy/haar niebywoning; of

24.1.6. die lid as gevolg van 'n mosie van wantroue teen hom verwyder is.

24.2. Enige vakante pos/ampsdraers posisie wat tussen opeenvolgende Algemene Jaar Vergaderings in die Uitvoerende Komitee voorkom sal by 'n Algemene Vergadering wat spesiaal vir daardie doel saamgeroep is, deur die Klub by wyse van 'n verkiesing of spesiale mosie gevul word. Die vul van sodanige vakante pos sal nie by dieselfde vergadering gebeur as waarin 'n lid van die Uitvoerende Komitee uit sy pos verwyder word of die vakature posisie verklaar is nie maar sal by 'n aparte Algemene Vergadering wat spesiaal vir daardie doel saamgeroep is, gedoen word.

24.3.'n Persoon wat volgens Klousule 13.2 hier bo verkies word om 'n vakante pos te vul, sal die amp slegs beklee tot die datum waarop die Uitvoerende Lid wat hy/sy pgevolg het, normaal sy/haar amp sou verlaat.

## 25. NOMINASIES

25.1. Nominasies moet op skrif deur geaffilieerde lede ingedien word, vir die ampsdraers posisies op die Uitvoerende Komitee wat by 'n Jaarlikse Algemene Vergadering of Algemene Vergadering gevul moet word.

25.2. Betrokke nominasies moet die Hoof Uitvoerende Beampte bereik nie later nie as een- en-twintig (21) dae voor die datum van die vergadering waarop die verkiesing sal plaasvind, en sodanige nominasies moet vergesel word van die genomineerde se geskrewe aanvaarding van die nominasie en 'n geskrewe onderneming dat die genomineerde binne een maand van sy klub se uitvoerende raad sal bedank indien hy tot die Uitvoerende Komitee verkies word. Die nominasie moet aandui watter posisies by die betrokke vergadering gevul moet word en kortbeskrywing van die genomineerde wat genomineer word, asook vir watter kategorie die persoon benoem word.

25.3. Persone wat vir die posisies in klousule 9.2 genomineer word moet 'n lid (in goeie stand) van die Klub wees.

25.4. Genomineerdes vir die vier (4) vroue posisies op die Uitvoerende Komitee moet 'n lid (in goeie stand) van 'die Klub wees.

25.5. Slegs die dienende lede van die Uitvoerende Komitee sal verkiesbaar vir herkiesing wees sonder nominasie(gekoöpteerde uitvoerende komitee lede uitgesluit).

25.6. Slegs lede wat by die Klub van goeie naam is (in goeie stand), mag 'n persoon vir verkiesing nomineer en verkies word.

25.7. Die Hoof Uitvoerende Beampte moet kontroleer en verifieer dat alle nominasies aan bogenoemde vereistes voldoen voordat dit aan alle klubs en geaffilieerde lede gesirkuleer word.

25.8. Bogenoemde nominasies moet 14 dae voor die AJV of SAV aan alle geaffilieerde klubs en lede/verenigings gesirkuleer word.

## 26. DISSIPLINERE AANGELEENTHEDE

26.1. Alle lede, affiliate, en assosiasies aanvaar dat die bevordering van goeie dissipline en gedrag/optrede in die Klub 'n kollektiewe verantwoordelikheid is en dat alle rolspelers die Klub moet bystaan met die bevordering van gesonde dissipline in die Klub.

26.2. Die aanstelling van die DISSIPLINERE- EN APPÈLKOMITEES is soos bo vermeld die alleen prerorgatief van die Uitvoerende Komitee . Die Uitvoerende Komitee, in erkenning van die belangrike rol van hierdie komitees sal 'n by-wet opstel om die samestelling, pligte werksaamhede, prosedures en ander tersaaklike kwessies van die komitees te reguleer.

26.3. Die Uitvoerende Komitee het ook die verantwoordelikheid vir die opstel van, en gereelde hersiening van, 'n gedragskode en alle tersaaklike dissiplinêre reëls en prosedures vir die Klub.

26.4. Enige party wat die naam van die Klub diskrediteer en/of in oneer bring deur onbehoorlike en/of onsportiewe gedrag of welke ander gedrag en/of geval ook al deur die Dissiplinêre Komitee geag as diskrediterend sal aan dissiplinêre stappe onderwerp word.

26.5. Geen geaffilieerde of persoon(e) wat aan 'n klub behoort, sal regsprosedures teen die Klub in 'n Hof instel, tensy al die normale sportgeskilbeslegtings/-prosedures (kommunikasie strukture) uitgeput of geraadpleeg is of 'n uitspraak bevestig het. Die normale regsprosedures sluit in verpligte verwysing van 'n regsdispuut na die Sport Arbitrasie tribunaal van die Wes-Kaapse Sportraad voordat dit na 'n hof verwys kan word.

**27. KENNISGEWING VAN VERGADERINGS: DIE ALGEMENE VERGADERING, UITVOERENDE KOMITEE EN DIE SUBKOMITEES**

27.1. Die Klub sal soos volg geskrewe kennisgewing aan alle lede van sy geaffilieerdes gee:

27.1.1. Een-en-twintig (21) dae se kennis vir 'n Algemene- Jaar Vergadering(AJV);

27.1.2. Sewe (7) dae se kennis vir Spesiale Algemene Vergaderings(SAV);

27.1.3. Veertien (14) dae se kennis vir die vergadering van die Algemene Vergadering(AV);

27.1.4. Vyf (5) dae se kennis na die aanvanklike vergadering as kworum nie bereik is nie.

27.1.5. Ten minste vier/4 vergaderings per jaar (kwaartaalliks).

27.2. Die AJV van die Klub sal voor die einde van Februarie gehou word, sover moontlik of tensy vooruit anders bepaal. Geskrewe kennis van sodanige vergadering sal deur die hoof vanuitvoerende bestuur of sy/haar gedelegeerde beampte elektronies gepos word aan al die Lede van die Algemene Vergadering.

27.3. Die kennisgewing sal die dag uitsluit waarop dit bedien word of as bedien beskou word en ook die dag waarvoor dit gegee word, en sal die plek, die dag en die uur van die vergadering spesifiseer en sal gegee word op die manier hierna beskryf of op sodanige ander manier, indien enige, soos deur die Kleinmiond Rugby Klub in enige Algemene Vergadering voorgeskryf mag word, aan sodanige persone wat, onder hierdie Grondwet, gemagtig is om sodanige kennisgewings van die Klub te ontvang.

## 28. PROSEDURES VAN VERGADERINGS VAN UITVOERENDE KOMITEE/ALGEMENE VERGADERING EN SUBKOMITEES

28.1. Vergaderings van die Algemene Vergadering en Uitvoerende Komitee sal as volg gehou word:

28.1.1. Die datums van Algemene Vergaderings sal tussen 01 Februarie en 31 Desember gehou word, eweredig gespasieer so ver prakties moontlik;

28.1.2. Uitvoerende Komitee Vergaderings sal ten minste elke tweede maand gehou word; en

28.1.3. Subkomiteevergaderings sal gehou word wanneer nodig geag deur daardie relevant Subkomitee, kragtens Klousule 24.2 van hierdie Grondwet.

28.2. Die vergaderings van die Uitvoerende Komitee sal gedoen word soos in die Grondwet uiteengesit. Die Voorsitter, of, in sy afwesigheid, die Vise voorsitter, sal besluit waar die Uitvoerende Komitee sal vergader. Die Uitvoerende Komitee moet egter gereelde vergaderings hou soos deur die Voorsitter van die Klub bepaal. Die Voorsitter sal ook verplig wees om 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee saam te roep in enige van die volgende gevalle:

28.2.1. Volgens die instruksies van die Algemene Vergadering;

28.2.2. Op versoek van ten minste die helfte (1/2) van die lede van die Uitvoerende Komitee (die Voorsitter en die Vise vvorsitter uitgesluit);

28.2.3. Die Voorsitter, of, in sy afwesigheid, die Vise voorsitter, sal die Voorsitter van die Uitvoerende Komitee wees. In die geval dat beide die Voorsitter en die Vise voorsitter afwesig is, sal die Uitvoerende Komitee 'n waarnemende Voorsitter kies.

## 29. VOORSITTENDE BEAMPTE BY ALLE VERGADERINGS

29.1. Die Voorsitter is die "Ex Officio" Voorsittende Beampte by alle Algemene Vergaderings en in sy afwesigheid sal die Vise voorsitter voorsit. Indien die Vise voorsitter ook afwesig is, sal die Uitvoerende Komitee 'n tydelike Voorsittende Beampte uit sy eie geledere aanstel.

## 30. ALGEMENE JAARLIKSE VERGADERINGS VAN DIE KLUB

30.1. SAMESTELLING

Die AJV en/of Spesiale Algemene Vergadering sal slegs bestaan uit die persone wat in Klousule 8 beskryf is.

30.2. SAKE VAN DIE ALGEMENE JAARLIKSE VERGADERING

30.2.1. Die AJV van die Klub sal gehou word om die geouditeerde Finansiële State van die Klub vir die vorige jaar na te gaan en goed te keur en om onafhanklike ouditeurs vir die volgende jaar aan te stel.

30.2.2. Die sake van die Jaarlikse AlgemeneVergadering sal, onder andere die volgende insluit:

30.2.2.1.Oorweging van en, indien geskik geag, aanvaarding van die Jaarverslag en die Geouditeerde Finansiële State vir die finansiële jaar wat op 31 Desember geëindig het;

30.2.2.2.Bespreking van enige spesiale sake waarvoor behoorlike kennis gegee is;

30.2.2.3.Verkiesing van lede van die Uitvoerende Komitee;

30.2.2.4.Aanstelling van Ouditeurs wat nie lede van die Uitvoerende Komitee is nie;

30.2.2.5.Om algemene sake af te handel waarvoor spesiale kennisgewing nodig is.

30.2.2.6.Goedkeuring of afkeur van lidmaatskap aansoeke.

30.2.2.7.Bespreking, goedkeuring of afkeur van Grondwet wysigings.

## 31. SPESIALE ALGEMENE VERGADERINGS

31.1. SAMEROEPING VAN SPESIALE ALGEMENE VERGADERINGS

31.1.1. Spesiale Algemene Vergaderings van die Klub kan saamgeroep word:

31.1.1.1.deur die Voorsitter, of, in sy afwesigheid, die Vise voorsitter;

31.1.1.2.die Algemene Vergadering met die meerderheidstem van diegene wat by enige Algemene Vergadering van die Klub geregtig is om te stem;

31.1.1.3.gewone meerderheid van die Uitvoerende Komitee;

31.1.1.4.by ontvangs van 'n geskrewe versoek van ten minste een derde Klubs met stemregte. Sodanige geskrewe versoek moet die doel waarvoor die Spesiale Vergadering versoek word, duidelik uiteensit en sodanige versoek moet die HUB ten minste een-en-twintig (21) dae voor die datum van die Spesiale Algemene Vergadering bereik.

31.1.2. Die kennis van die vergadering sal duidelik aandui watter sake by die betrokke Spesiale Algemene Vergadering oorweeg moet word.

## 32. SAKE VAN SPESIALE ALGEMENE VERGADERINGS

'n Spesiale Algemene Vergadering sal slegs sodanige sake as wat in die kennisgewing van die vergadering uiteengesit is, bespreek en oor besluit word. Ander sake mag egter bespreek word met die eenvoudige meerderheid van die klubs wat by die vergadering teenwoordig is, maar geen besluit mag geneem word nie.

## 33. ALGEMENE BEPALINGS TOV ALGEMENE VERGADERING

33.1. Die samestelling van die Algemene Vergadering sal wees soos in Klousule 8.1 van hierdie Grondwet uiteengesit.

33.2. Die Voorsitter van die Klub sal die Voorsitter van die Algemene Vergadering wees. In sy afwesigheid sal die Vise voorsitter die Voorsitter van die Algemene Vergadering wees. Indien beide die Voorsitter en die Vise voorsitter afwesig is, moet dieAlgemene Vergadering een van die bestaande Uitvoerende lede kies om die vergadering te lei.

## 34. VERGADERINGS VAN DIE SUBKOMITEES

34.1. Die samestellings van die Subkomitees sal wees soos in hierdie Grondwet uiteengesit.

34.2. Subkomitees sal hul eie vergaderings reël, en soveel as nodig is om hul funksies te verrig. Die Algemene Vergadering of Uitvoerende Komitee, mag 'n Subkomitee instruksie gee om te vergader om sekere instruksies uit te voer. Die notules van sodanige vergaderings, insluitend enige besluite geneem of aksies geïmplementeer deur die relevante Subkomitee, moet vir sirkulasie na die Uitvoerende Komitee aangestuur word.

34.3. Die Voorsitter van 'n Vereniging, Komitee of Assosiasie sal deur die lede van daardie spesifieke Vereniging, Komitee of Assosiasie gekies word.

34.4. Die Voorsitter van alle ander ad hoc-Komitees sal deur Uitvoerende Komitee gekies word, wat kragtens hierdie Grondwet verantwoordelik is vir die funksionering van sodanige komitees.

## 35. BYWONING BY VERGADERINGS VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE, SUBKOMITEE EN VERGADERINGS VAN DIE ALGEMENE VERGADERING.

35.1. Indien enige verkose lid van die Uitvoerende Komitee, Subkomitee of enige ander komitees wat kragtens hierdie Grondwet gekonstitueer is, versuim om drie opeenvolgende vergaderings van die Uitvoerende Komitee by te woon sonder om SKRIFTELIKE aanvaarbare redes aan die res van die Uitvoerende Komitee te verskaf vir sy/haar niebywoning, sal hy/sy onmiddellik ophou om 'n lid van die toepaslike komitee te wees.

## 36. KWORUMS

36.1. Die Kworum by alle vergaderings sal ten minste een helfte plus een(50% plus1) van die totale aantal lede wees wat daarop geregtig is om die betrokke vergadering by te woon.

36.2. Die Kworum vir Algemene Kwartaal Vergaderings, Algemene Jaar Vergaderings en Spesiale Algemene Vergaderings sal 50% plus een (1)van die aantal lede wees wat daarop geregtig is om die betrokke vergadering by te woon.

36.3. In die geval van Subkomitees, sal die voorsitter wat 'n "ex officio"-lid van dieSubkomitees is, in ag geneem word vir die doel om 'n kworum te vorm, slegs as hy by sodanige vergaderings teenwoordig is.

36.4.Indien 'n kworum nie binne 'n halfuur na die tyd wat bepaal is vir die aanvang van 'n vergadering van die Klub teenwoordig is nie, sal die vergadering verdaag tot 'n week later by welke geleentheid daardie stemgeregtigde lede van die klub wat teenwoordig is, 'n kworum sal vorm, ongeag hulle getal.

## 37. STEMMERY BY VERGADERINGS

### 37.1. VOORSITTER

Tensy anders gestipuleer in hierdie Grondwet, sal die Voorsitter by alle vergaderings in die geval van 'n gelyke verdeling 'n gewone stem asook 'n beslissende stem hê.

### 37.2. STEMREG TYDENS VERGADERINGS

By die Algemene Jaar Vergadering, Spesiale Algemene Vergaderings en Algemene Kwartaal Vergadering sal die stemregte soos volg wees:

37.2.1. Lede van die UK sal een stem hê;

37.2.2. Alle geaffileerde lede van die Algemene Vergadering, buiten Lewenslange Erelede, Sosiale Rugby lede of enige entiteit of natuurlike persoon wat deur die Uitvoerende Komitee genooi is om sodanige vergadering by te woon, sal een stem het.

37.2.3. Die Uitvoerende Komitee sal 14 dae voor 'n Algemene Jaar Vergadering 'n lys van al die geaffilieerde lede wat kwalifiseer om in sodanige Vergadering te stem, saamstel en aan alle geaffilieerdes sirkuleer.

37.2.4. Slegs lede wat geaffilieer is en lede gelde betaal het,sal stemreg het.

### 37.3. SUBKOMITEE VERGADERINGS

Elke lid van 'n Subkomitee sal een stem by vergaderings van sodanige Subkomitee hê. Die Voorsitter van 'n Subkomitee sal 'n gewone asook 'n beslissende stem hê in die geval van 'n gelyke verdeling.

### 37.4. DIE REG OM TE STEM

Elke lid wat by die Unie geaffilieer is en wat van goeie naam is(in goeie stand), sal die reg hê om by die Jaarlikse AlgemeneVergadering en alle ander Algemene Vergaderings te stem.Geaffilieerde lede wat enige gelde aan die Klub verskuldig is, sal geen stemreg in vergaderings het nie.

### 37.5. STEM METODE:

In die volgende gevalle sal besluite deur stembriewe geneem word ooreenkomstig die amptelike

stemkrag:

37.5.1. Verkiesing van lede van die Uitvoerende Komitee. Verkiesing van sodanige persone sal by die afsluiting van die vergadering waar hulle verkies is, in werking tree .

37.5.2. Wysigings van die Grondwet.

37.5.3. Besluite met betrekking tot Spesiale Resolusies geneem tydens Spesiale AlgemeneVergaderings.

37.5.4. Alle ander sake sal besluit word deur handopsteek tensy spesifiek deur die meerderheid lede besluit is op 'n stembrief. Stemopnemers sal deur die Voorsitter van die vergadering aangestel word om die stemme te tel en sal die uitslag van die stemmery aan die Hoof Uitvoerende Beampte rapporteer, wat die uitslag van die stemmery aan die vergadering sal verklaar.

37.5.5. Die onbedoelde versuim om kennis te gee van 'n Jaarlikse Algemene of Klub komitee vergadering, of die nie-ontvangs van sodanige kennisgewing deur enige persoon wat kwalifiseer om kennis te ontvang, sal nie die verrigtinge by daardie vergadering nietig maak nie, mits die kennisgewing van die vergadering na die laaste adres van die persoon wat aan die Klub bekend is, gestuur is.

37.5.6. Die stemproses, met spesifieke verwysing na die verkiesing van UK lede sal tydensAJV's en SAV's deur die Klub se goedgekeurde ouditeur waargeneem en gekontroleer word.

## 38. <u>MOSIE VAN WANTROUE</u>

38.1. 'n Mosie van wantroue in die Uitvoerende Komitee of enige individuele lid wat deur die AJV of SAV verkies is, mag slegs by 'n Spesiale AlgemeneVergadering(SAV)ingedien en hanteer word.

38.2. Geskrewe kennisgewing (ten minste 21 dae voor genoemde vergadering) moet gegee word van sodanige voorneme met volledige motivering en redes daarvoor. 'n Minimum van dertig persent (30%) van die geaffilieerde lede en diegene wat kwalifiseer om te stem moet die aanvanklike mosie van wantroue onderteken (die Voorsitter en Sekretaris/resse). Twee derdes (2/3) van die stem persentasie teenwoordig by die vergadering sal vereis word om sodanige mosie suksesvol aan te neem.

38.3. 'n BRU afvaardiging moet teenwoordig wees met die hantering van 'n mosie van wantroue. Betrokke afvaardiger van BRU moet ook as Voorsitter van die spesifieke SAV optree.

## 39. AFFILIASIES

39.1. BOLAND RUGBY-UNIE (BRU)

Die Klub sal by BRU-AlgemeneVergaderings verteenwoordig word deur die Voorsitter en die Vise-Voorsitter, afhangende van die aantal verteenwoordigers deur BRU vereis. Die Uitvoerende Komitee sal besluit, indien enige van die bogenoemde nie beskikbaar is nie, wie om aan te wys as alternatiewe afgevaardigde.

## 40. JAARLIKSE AFFILIASIE

40.1. Alle lede van die Klub sal by hierdie Unie geaffilieer wees kragtens hierdie Grondwet, buiten skole wat by die Unie geaffilieer sal wees deur/via hul onderskeie Skoolbestuur strukture.

40.2. Die affiliasiegelde sal jaarliks 30 dae voor die Jaarlikse Algemene Vergadering deur die Uitvoerende Komitee besluit word en moet op of voor einde April tenvolle betaalbaar wees of bepaal soos deur die UK.

40.3. Geen Lid van wie die jaarlikse affiliasiegelde nie betaal is nie, sal kwalifiseer om te stem, aan liga wedstryde deel te neem of aan enige vergadering of aktiwiteit van die Klub deel te neem totdat sodanige fooie betaal is nie. Sou 'n Lid versuim om hul jaarlikse affiliasiegelde teen einde April tenvolle betaal , sal hul lidmaatskap tydelik opgeskort word. Sodanige Lid sal moet heraansoek doen om lidmaatskap van die Klub kragtens Klousule 7.3 hierbo. Die Algemene Vergadering hou die reg voor om sodanige aansoek by ondersoek te weier.

## 41. LIDMAATSKAP

41.1. Die Klub sal bestaan uit spelende en nie-spelende lede.

41.2. Die UK sal sy magte in verband met die aansoek vir lidmaatskap bepaal deur te aanvaar of weier sonder om enigsins te diskrimineer met betrekking tot sodanig die lid se geloof, taal, geslag, kultuur en/of ras.

41.3. Alle lede,spelend of nie-spelend sal die belange van die klub dra en uitoefen.

41.4. Sosiale rugby word nie deur die Unie erken nie maar sodanige spanne mag by die Klub vir affiliasie aansoek doen.

41.5. Die Grondwet, reëls, regulasies en besluite van lede sal nie strydig wees met dié van die Klub

nie, en in die geval van enige sodanige strydigheid, sal dié van die Klub oorheers.

41.6. Lede van die Klub sal gebonde wees deur sy Grondwet, reëls, regulasies,By-Wette en besluite en die ooreenkomste wat dit aangegaan het tot die algemene voordeel van die spel rugby.

## 42. BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP

42.1. 'n Lid mag te eniger tyd bedank deur geskrewe kennis aan die Klub te gee by sy geregistreerde adres.

42.2. Enige geaffilieerde lid wat nie voldoen aan die vereistes van die Klub se grondwet en/of ander 'by-wette/voorskrifte met betrekking tot 'Effektiewe Klubrugby Bestuur' nie en/of uitstaande finansiele verpligtinge teenoor die Klub het, wat nie nagekom word nie, se lidmaatskap kan op aanbeveling van die UK, beëindig word deur 'n gewone meerderheid besluit (50% plus1) tydens 'n AJV of SAV.

42.3. Sodanige lid kan na 'n rugby seisoen weer aansoek doen om lidmaatskap indien al die vereistes/voorskrifte mbt By-Wet, 'Effektiewe Klubrugby Bestuur' en uitstaande finansiele verpligtinge nagekom en bewys kan word.

42.4. Sou enige geaffilieerde Lid:

42.4.1. insolvent raak; of

42.4.2 skuldig wees aan enige wangedrag, wat in die Algemene Vergadering as ernstige wangedrag beskou word; of

42.4.3 enige vereiste van ander Reëls of Regulasies oortree wat regtelik deur die Algemene Vergadering neergelê is,kan haar lidmaatskap deur 'n gewone meerderheidsbesluit van die Algemene Vergadering op aanbeveling van die UK beëindig word by 'n vergadering wat vir daardie doel byeengeroep is.

42.5. Sodanige lid sal sewe (7) dae kennis kry van sodanige vergadering, en hy mag die vergadering bywoon, maar hy mag nie daaraan deelneem nie, behalwe in welke mate die Algemene Vergadering daartoe instem. Hy mag nie teenwoordig wees wanneer die stemmery plaasvind nie. Enige persoon wat sodoende geskors is, sal nie meer 'n Lid wees nie en hy sal al sy regte verbeur met ingang van die datum van sodanige besluit.

42.6. Afsterwe van lid

## 43. DISKWALIFISERING VAN LEDE VAN DIE ALGEMENE VERGADERING EN UITVOERENDE KOMITEE

43.1. 'n Lid van die Algemene Vergadering of Uitvoerende Komitee sal nie meer sy amp/posisie beklee nie indien:

43.1.1 hy/sy gediskwalifiseer word kragtens enige bepaling van hierdie Grondwet;

43.1.2 hy/sy deur 'n resolusie van 'n Algemene Vergadering uit sy pos verwyder is;

43.1.3 'n kennisgewing om betrokke persoon uit sy amp te verwyder, onderteken is deur 'ngewone meerderheid (50% plus 1) gemagtigde verteenwoordigers van die klub;

43.1.4 hy/sy kranksinnig of onbevoeg is om sy eie sake te hangteer of ontoerekenbaar verklaar word;

43.1.5. hy/sy uit'n amp van vertroue verwyder is op grond van wangedrag;

43.1.6. hy/sy skuldig bevind is aan 'n misdaad waarvan oneerlikheid 'n element is;

43.1.7. hy/sy versuim om drie (3) vergaderings van die Algemene Vergadering in 'n kalenderjaar by te woon sonder om skriftelike aanvaarbare redes vir sy nie- bywoning te verskaf;

43.1.8. 'n mosie van wantroue teen hom/haar aanvaar is in ooreenstemming met die paragraaf 28 van hierdie Grondwet.

## 44. LIEF EN LEED

44.1. Slegs lede wat by die Klub geaffilieer is,is geregtig om 'n ruiker of krans te ontvang by die afsterwe van 'n naasbestaande.

44.2. 'n Getroude lid se naasbestaandes is sy vrou en kinders

44.3. 'n Ongetroude lid se naasbestaandes is sy ouers

44.4. Indien 'n lid n oud-speler is moet die bestuur en spelers by wyse van 'n kollekte fondse insamel vir 'n krans of ruiker

## 45. INTERPRETASIE

45.1. In die geval van enige twyfel of dispuut wat mag ontstaan in verband met die interpretasie van hierdie Grondwet en/of enige Verordeninge van die Klub, sal die interpretasie wat deur die Uitvoerende Komitee aanvaar is, finaal en bindend vir alle lede van die Klub wees.

45.2. Klousule-opskrifte verskyn in hierdie grondwet slegs vir verwysingsdoeleindes en dit beïnvloed nie die behoorlike uitleg en/of interpretasie van die inhoud nie

## 46. WYSIGINGS AAN DIE GRONDWET

Enige wysiging aan hierdie Grondwet mag slegs gerealiseer word deur middel van 'n resolusie wat by die Algemene Jaar Vergadering van die Klub aanvaar is, of 'n Spesiale AlgemeneVergadering wat vir daardie doel byeengeroep is, mits daardie voorgestelde wysigings volledig uiteengesit is in die kennisgewing van die betrokke vergadering. Kennisgewings van die voorneme om enige wysiging(s) aan hierdie Grondwet voor te stel moet die HUB of persoon wat op daardie tydstip verantwoordelik is vir die uitvoerende funksies van die Klub ten minste agt-en-twintig (28) dae voor die datum van die Algemene Jaar Vergadering of die Spesiale AlgemeneVergadering bereik. Ten minste ses-en-sestig persent (66%) van die stempersentasie wat by die vergadering teenwoordig is, moet instem tot sodanige voorgestelde wysigings voordat dit effektief kan word. "Wysiging" beteken herroeping van, byvoeging tot en/of veranderinge aan enige bestaande bepalings van hierdie Grondwet.

## 47. ONTBINDING

47.1. Die Klub mag om geldige rede ontbind word deur 'n resolusie wat aanvaar word by 'n Spesiale Algemene Vergadering wat vir daardie doel byeengeroep is, mits sodanige resolusie aanvaar word deur 'n meerderheid van sewentig persent (70%) van die lede teenwoordig en wat geregtig is om by sodanige vergadering te stem, en sodanige resolusie by 'n Spesiale Algemene Vergadering wat nie minder nie as dertig(30) dae later gehou word nie, bevestig word deur 'n meerderheidstem van lede wat geregtig is om teenwoordig te wees en te stem.

47.2. Met die ontbinding sal die bates van die Klub wat oorbly nadat al sy laste bevredig is, gegee of oorgedra word aan 'n nie-winsorganisasie of -instansie of nie- winsorganisasies of -instansies met oogmerke wat soortgelyk is aan die oogmerke van die Klub, om bepaal te word deur die lede van die Klub by die tweede Spesiale Algemene Vergadering, en indien dit nie dan bepaal kan word nie, dan deur Hooggeregshof.

## 48. KWYTSKELDING

Die lede van die Uitvoerende Komitee is nie gesamentlik of afsonderlik aanspreeklik vir die verpligtinge en laste wat deur hulle ingevolge die bepalings van hierdie Grondwet ten behoewe van die KLUB aangegaan is nie.

## 49. OORGANGSBEPALINGS

49.1. In erkennig van die voortdurende besigheid van die Klub en haar geaffilieerde lede ; en om sekerheid te behou in die hantering van sekere kwessies is die volgende spesiale oorbrigingsbepalings van toepassing:

49.1.1. Oorgangspalings wat op die Dissiplinêre Reëls van die KLUB betrekking het.

49.1.1.1.Ten einde dissipline te handhaaf binne die Klub sal die volgende dokumente nog voortaan van krag wees tot die aanvaarding van toespaslike by-wette of ander spesifieke reëls deur die Algemene Vergadering:

- Die Reëls van Toepassing of Wedstryd dae;
- Die Dissiplinêre Reëls, Prosedures en Voorskrifte; en
- Die Aanhef en Status van Gedragskode.
- "Amptenare op alle vlakke van administrasie van die Klub moet ten alle tye die absolute voorbeeld stel van beheersdheid en dissipline. Mondelinge – en of fisiese aanvalle, krenkende en kwetsende uitlatings teenoor mede amptenare en veral teenoor skeidsregters en lynregters van die Unie sal strykdeur as afbrekende gedrag getipeer word en derhalwe sal sodanige amptenaar se deelname aan enige rugby aktiwiteite onverwyld opgeskort word tot en met die uitslag van die Dissiplinêre Komitee. Weiering om die uitspraak van die Dissiplinêre Komitee te aanvaar:- onbepaalde skorsing."

-"waar gevalle en/of gedrag tot voortydige stop van wedstryde lei, sal alle partye soos nodig geag deur die Klub voor die dissiplinêre komitee gedaag word"

-"Waar Klub toelaat dat wedstryd amptenare aangerand, gedreig, vasgekeer of versper word, is die Uitvoerende Komitee van die Klub bemagtig om sodanige persone onder skorsing te plaas totdat die saak verhoor word"

- “Klub word ten alle tye verantwoordelik gehou vir die optrede van hule toeskouers en ondersteuners en moet intree en optree wanneer n toeskouer en/of ondersteuner onbehoorlike gedrag openbaar”

- “Klub word verplig om skriftelik binne 48uur volledige verslag te doen oor ongerymdhede en onsmaaklikhede by ’n wedstryd”

AANVAAR TE KLEINMOND, DEUR DIE MEEDERHEID VAN DIE GEAFFILIEERDE LEDE VAN DIE KLEINMOND RUGBY VOETBAL KLUB, OP HIERDIE 21STE DAG VAN JANUARIE 2023.

GETEKEN TOT BEVESTIGING DAT HIERDIE GRONDWET BEHOORLIK AANVAAR WAS:

MNR .ANDREW MARTIN

VOORSITTER

KRVK

HANDTEKENING:.............................

DATUM: 21/01/2023

MEJ.ELVISIA WILSKUT

SEKRETARESSE

KRVK

HANDTEKENING:.........................

DATUM: 21/01/2023